UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS·UV
HUMANITIES
GEESTESWETENSKAPPE

# DEPARTMENT OF PSYCHOLOGY
## Faculty of the Humanities, University of the Free State

## HONOURS PROGRAMME IN PSYCHOLOGY 2018

Thank you for your interest in the Honours Programme offered by the Department of Psychology, Faculty of the Humanities at the University of the Free State (UFS). This brochure contains more information on the selection process. Please read through it carefully and ensure that you understand the information regarding the entrance requirements, as well as the selection procedures. The procedures set out in this brochure apply to students who are interested in full-time, part-time or occasional studies in the Honours Programme in Psychology.

## SELECTION CRITERIA

Selection for the Honours Programme in Psychology at the UFS is highly competitive. Only a limited number of students can be accommodated, due to the high standards required for academic and professional development, the labour intensity of the programme, as well as limited staff and physical resources. Each year we receive more applications than we can accommodate; thus, **only the top academic candidates** will be selected. Not being selected in a particular year does not necessarily imply that a candidate is unworthy of a place in the programme, but that the unsuccessful candidate was outperformed by candidates with higher academic performance.

A (any) degree with Psychology as a major subject is a prerequisite for admission into the Honours Programme. This implies that the applicant must have completed all the first-, second- and third-year modules stipulated in the curriculum for Psychology as a major subject.

**Academic performance:** Academic performance in **all undergraduate Psychology core modules** will be the principle selection criterion. To ensure a fair basis of comparison, no other marks will be considered. No other factors such as age, work experience, personal circumstances or other qualifications (apart from Psychology modules) are taken into account. Thus, only psychology core modules, not electives, are considered.

Due to selection taking place during October, only the module marks that are available at the time of selection, will be considered.

**Equity:** In accordance with the UFS policy on equity and access, the selection committee will deliberately seek to ensure that the class will reflect the diversity of talent available in the country.

Preference will be given to students from the University of the Free State.

## SELECTION PROCESS

### Application and confirmation

Prospective students need to complete the **departmental application form** attached to this Document (also available on our website www.ufs.ac.za/psy).

The closing date for applications is **30 September**. Students need to apply in the year preceding their intended study. **NO late or incomplete applications** will be considered.

Please note that the preferred method of communication in the Department of Psychology is electronic mail and it is strongly suggested that you email your completed application to denobilia@ufs.ac.za.

Alternatively, you can post it to: Ms A Denobili, Department of Psychology, Internal Box 40, UFS, PO Box 339, Bloemfontein, 9300.

Once we have received your completed application form, we will send a confirmation email from Ms. Denobili (denobilia@ufs.ac.za). If you do not receive this confirmation email, it is your responsibility to confirm (before the closing date for applications) whether the Department has received your application.

**VERY IMPORTANT:** Please send this application form only to the above-mentioned email / physical address. Do not email or deliver this application to any other department, division or university employee.

The Department of Psychology will not take responsibility for applications received after the deadline, delivered/emailed to the wrong addresses or lost in transit.

### Primary selection process and notification

The selection process takes place during October and written acknowledgement of the results will be sent to **ALL** applicants by the end of October. Successful and unsuccessful candidates will be notified via email. **No telephonic feedback will be provided.**

### Confirmation and final documentation

Successful candidates need to email their final academic records (which reflects the final marks and proof that the undergraduate degree has been obtained), as well as confirmation of acceptance **BEFORE** the first Monday of the year of the intended study.

Please note that places in the Honours Programme will not be reserved for later academic years. If a successful candidate chooses not to take his/her place in the programme, he/she will have to reapply in the next year for inclusion into the programme. Students that have been registered for the programme in the past and have already accumulated credits and did not complete their degree (or would like to better their marks in certain modules), are exempted from the selection process and may continue with their studies. It is the returning student's responsibility to inform the department about their plans to complete their degree and/or redo some modules. Please do so by sending an email to Ms A Denobili (denobilia@ufs.ac.za). This also applies to part-time students.

The Department strictly adheres to these procedures when selecting the new intake of students. The decisions of the Department with regard to the success of an application are final and binding. If your

application was unsuccessful, no correspondence with any associates, family members or acquaintances will be entered into by the Department.

## STUDENTS FROM OTHER UNIVERSITIES

Students from other universities are welcome to apply for the Honours Programme in Psychology at the UFS. Please note that each student is responsible for familiarising her/himself with the content of the undergraduate modules at the UFS. During the Honours Programme in Psychology knowledge acquired during undergraduate modules will be used as a point of departure.

## STUDENTS REPEATING MODULES TO IMPROVE THEIR MARKS

Students who are repeating undergraduate modules in order to improve their marks are advised to register for first-semester modules, if possible, since these marks will be available at the time of selection. In exceptional cases, students can apply to repeat second-semester modules and will be granted the opportunity to appeal to the outcome of their Honours application, once their final marks are available. (This only applies to students who intend to repeat modules with the aim of improving marks.)

## ADMISSION TO THE UFS

Please note that, in addition to the Honours in Psychology application, students from other universities (and UFS students who have interrupted their studies) are required to apply for admission to study at the UFS. Information regarding this application is available from http://www.ufs.ac.za/. The application for admission to the UFS should **NOT** be sent to the Department, but to the relevant staff member / department, as indicated on the application form. Students are advised to apply for admission to the UFS **after** the outcome of the Honours in Psychology application is known.

**IMPORTANT**

**New candidates will ONLY be admitted to the Honours in Psychology programme at the beginning of each academic year. No new intake will take place during the second semester.**

## CONTACT DETAILS

| | | |
|---|---|---|
| Programme Coordinator | : | Mrs I van Aardt |
| Office | : | Psychology Building, Room 107 |
| Telephone number | : | 051 401 2095 |
| Email address | : | vanaardti@ufs.ac.za |
| | | |
| Programme secretary | : | Mrs A Denobili |
| Office | : | Psychology Building, Room 109 |
| Telephone number | : | 051 4019314 |
| Email address | : | denobilia@ufs.ac.za |

********************

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS·UV
HUMANITIES
GEESTESWETENSKAPPE

# DEPARTEMENT SIELKUNDE
## Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van die Vrystaat

### HONNEURSPROGRAM IN SIELKUNDE 2018

Dankie vir u belangstelling in die Honneursprogram in Sielkunde van die Departement Sielkunde, Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat (UV). Hierdie brosjure verskaf meer inligting oor die keuringsproses. Lees hierdie brosjure asseblief noukeurig deur en maak seker dat u die inligting rakende die toelatingsvereistes en gepaardgaande keuringsprosedures verstaan. Die prosedures, soos uiteengesit in hierdie brosjure, is van toepassing op studente wat in voltydse, deeltydse of geleentheidstudies in die Honneursprogram in Sielkunde belangstel.

### KEURINGSKRITERIA

Keuring vir die Honneursprogram in Sielkunde aan die UV is hoogs mededingend. Weens die hoë standaarde wat vir akademiese en professionele ontwikkeling vereis word, asook die arbeidsintensiteit van die program en die beperkte personeel en fisiese hulpbronne, kan slegs ŉ beperkte aantal studente gekeur word. Ons ontvang elke jaar baie meer aansoeke (meer as wat ons kan akkommodeer); dus word **slegs die top akademiese kandidate** gekeur. Indien kandidate nie in ŉ spesifieke jaar gekeur word nie, beteken dit nie noodwendig dat hulle nie ŉ plek in die program waardig is nie, maar dat daar bloot ander kandidate met hoër akademiese prestasie was.

ŉ (Enige) graad met Sielkunde as hoofvak is ŉ voorvereiste vir toelating tot die Honneursprogram. Dit impliseer dat die aansoeker al die eerste-, tweede- en derdejaarmodules moes voltooi het soos dit in die kurrikulum vir Sielkunde as hoofvak bepaal word.

**Akademiese prestasie:** Akademiese prestasie in **alle voorgraadse Sielkunde-kernmodules** is die vernaamste keuringskriterium. Om ŉ billike basis van vergelyking te verseker, word geen ander punte in berekening gebring nie. Geen ander faktore soos ouderdom, werkservaring, persoonlike omstandighede of ander kwalifikasies (afgesien van Sielkundemodules) word in ag geneem nie. Slegs Sielkunde kernmodules word dus in ag geneem (en nie elektiewe nie).

Aangesien keuring gedurende Oktober plaasvind, word slegs die modulepunte wat ten tye van die keuring beskikbaar is, in ag geneem.

**Billikheid:** Ingevolge die UV se beleid op billikheid en toegang sal die keuringskomitee doelbewus poog om te verseker dat die klas die diversiteit van beskikbare talent in die land weerspieël.

Voorkeur word gegee aan studente van die Universiteit van die Vrystaat.

## KEURINGSPROSES

**Aansoek en bevestiging**

Voornemende studente moet die **departementele aansoekvorm** (aangeheg aan hierdie dokument), voltooi. Die vorm is ook op ons webwerf www.ufs.ac.za/psy beskikbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is **30 September**. Studente moet aansoek doen in die jaar vóór hul voorgenome studie. **GEEN laat of onvoltooide aansoeke** sal in aanmerking geneem word nie.

Let asseblief daarop dat die Departement Sielkunde se voorkeur-kommunikasiemetode elektroniese pos is. Ons raai u ten sterkste aan om u voltooide aansoek na denobilia@ufs.ac.za te e-pos.

Alternatiewelik kan u dit pos na: Me A. Denobili, Departement Sielkunde, Interne bus 40, UV, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.

Sodra ons u aansoekvorm ontvang het, sal u ʼn e-pos ter bevestiging vanaf Me Denobili (denobilia@ufs.ac.za) ontvang. Indien u nie hierdie e-pos ontvang nie, is dit u verantwoordelikheid om te bevestig (voor die sluitingsdatum vir aansoeke) of die Departement wel u aansoek ontvang het.

**BAIE BELANGRIK:** Stuur asseblief hierdie aansoekvorm slegs aan bogenoemde e-pos/fisiese adres. Moet nie hierdie aansoek stuur aan of aflewer by enige ander departement, afdeling of universiteitswerknemer nie.

Die Departement Sielkunde aanvaar geen verantwoordelikheid vir aansoeke wat ná die keerdatum ontvang word, aan verkeerde adresse gestuur of afgelewer is of verlore geraak het nie.

**Vernaamste keuringsproses en kennisgewing**

Die keuringsproses vind gedurende Oktober plaas en geskrewe erkenning van die uitslae sal aan die einde van Oktober aan **AL** die aansoekers gestuur word. Suksesvolle en onsuksesvolle kandidate sal per e-pos in kennis gestel word. **Geen telefoniese terugvoer sal verskaf word nie.**

**Bevestiging en finale dokumentasie**

Suksesvolle kandidate moet hulle finale akademiese rekord (met finale punte en bewys dat die voorgraadse kwalifikasie behaal is), asook bevestiging van aanvaarding voor die eerste Maandag van die jaar van voorgenome studie e-pos.

Let asseblief daarop dat plekke in die Honneursprogram nie vir volgende akademiese jare gereserveer sal word nie. Indien ʼn suksesvolle kandidaat kies om nie die plek in die program te neem nie, sal hy/sy vir insluiting in die volgende jaar se program moet heraansoek doen. Studente wat wel vantevore geregistreer was vir die program en reeds krediete opgebou het en nie die graad voltooi het nie (of wat hul punte in sekere modules wil verbeter), word vrygestel van die keuringsproses en mag voortgaan met hul studies. Dit is die verantwoordelikheid van sodanige studente om die departement in kennis te stel van hul voornemens om hul graad te voltooi en/of modules te herhaal. Dit moet gedoen word deur ʼn e-pos aan Me A Denobili (denobilia@ufs.ac.za) te stuur. Hierdie geld ook vir deeltydse studente.

Die Departement hou streng by hierdie prosedure wanneer die nuwe innames van studente gekeur word. Die besluite van die Departement rakende die sukses van ʼn aansoek is finaal en bindend. Indien

u aansoek onsuksesvol was, sal geen korrespondensie deur die Departement met enige verwante partye, gesinslede of kennisse gevoer word nie.

## STUDENTE VAN ANDER UNIVERSITEITE

Studente van ander universiteite is welkom om vir die Honneursprogram in Sielkunde by die UV aansoek te doen. Let asseblief daarop dat dit elke student se verantwoordelikheid is om met die inhoud van die voorgraadse UV-modules vertroud te raak. Gedurende die Honneursprogram in Sielkunde word kennis wat gedurende die voorgraadse modules opgedoen is, as vertrekpunt gebruik.

## STUDENTE WAT MODULES HERHAAL OM HULLE PUNTE TE VERBETER

Studente wat voorgraadse modules herhaal om hulle punte te verbeter, word aangeraai om vir eerstesemestermodules te registreer, indien moontlik, aangesien hierdie modules se punte teen die keuringstyd beskikbaar sal wees. In uitsonderlike gevalle kan studente aansoek doen om tweedesemestermodules te herhaal en sal hulle die geleentheid gegun word om te appelleer sodra hulle finale punte beskikbaar is. (Dit geld slegs vir studente wat modules wil herhaal met die doel om punte te verbeter.)

## TOELATING TOT DIE UV

Neem asseblief kennis dat, bo en behalwe hierdie aansoek by die Departement Sielkunde, daar van studente van ander universiteite (asook UV studente wat hul studies onderbreek het) vereis word om vir toelating tot studies aan die UV aansoek te doen. Inligting rakende hierdie aansoek is by http://www.ufs.ac.za/ beskikbaar. Die aansoek om toelating tot die UV moet **NIE** na die Departement Sielkunde gestuur word nie, maar na die relevante kontakpersoon/departement, soos op die aansoekvorm aangedui word. Studente word aangeraai om aansoek te doen om toelating tot die UV sodra die uitslag van hul aansoek tot die Honneursprogram in Sielkunde bekend is.

**Neem asseblief kennis dat nuwe kandidate slegs aan die begin van elke akademiese jaar toegelaat word. Geen nuwe studente word gedurende die tweede semester toegelaat nie.**

## KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| Programkoördineerder | : | Me. I van Aardt |
| Kantoor | : | Sielkundegebou, kamer 107 |
| Telefoonnommer | : | 051 401 2095 |
| E-posadres | : | vanaardti@ufs.ac.za |
| | | |
| Programsekretaresse | : | Me. A Denobili |
| Kantoor | : | Sielkundegebou, kamer 109 |
| Telefoonnommer | : | 051 401 9314 |
| E-posadres | : | denobilia@ufs.ac.za |

******************

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS·UV
HUMANITIES
GEESTESWETENSKAPPE

# HONOURS PROGRAMME IN PSYCHOLOGY / HONNEURSPROGRAM IN SIELKUNDE

# 2018

## Departmental application form / Departementele aansoekvorm

1. **Personal particulars / Persoonlike besonderhede**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Surname / Van | | | | |
| First names / Voorname | | | | |
| Title / Titel | | | | |
| Identity number / Identiteitsnommer | | | | |
| Language of preference / Taalvoorkeur | English / Engels | | Afrikaans | |
| Gender / Geslag* | Male / Manlik | | Female / Vroulik | |
| Race / Ras* | | | | |
| Email address / E-posadres<br>*The Department should be able to reach you at this email address during **2017** and January **2018**.*<br>Die Departement moet u gedurende **2017** en Januarie **2018** by hierdie e-pos-adres kan bereik. | | | | |
| Telephone / Telefoon: Cell / Sel | | | | |
| Home / Huis | | | | |
| Work / Werk | | | | |
| Postal address / Posadres | | | | |
| Current occupation / Huidige betrekking | | | | |

** Information needed to monitor the success of our equity policy / Inligting benodig om die sukses van ons billikheidsbeleid te monitor*

2. **Academic qualifications / Akademiese kwalifikasies:**

| | |
|---|---|
| Student number / Studentenommer | |

| University / Universiteit | Degree / Graad | Year awarded (or year in which degree will be completed) Jaar toegeken (of jaar waarin graad voltooi gaan word) |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

| | |
|---|---|
| *Have you already obtained an honours degree? If so, at what university and in which year?*<br>Het u reeds 'n honneurskwalifikasie behaal? Indien wel, aan watter universiteit en in watter jaar? | |

*An official academic record from your academic institution MUST accompany this application. (The Department cannot be held responsible for accessing academic records. Applications without academic records will be considered incomplete.)*

**’n Amptelike akademiese rekord van u akademiese instansie MOET hierdie aansoek vergesel.** (Die Departement kan nie verantwoordelik gehou word vir die trek van akademiese rekords nie. Aansoeke sonder ’n akademiese rekord sal as onvolledig beskou word).

*If the undergraduate degree is completed at another university (not the University of the Free State), proof of the psychology curriculum should accompany your application.*

Indien u voorgraadse kwalifikasie voltooi word aan ‘n ander universiteit (nie die Universiteit van die Vrystaat nie), moet ‘n bewys van die sielkunde kurrikulum u aansoek vergesel.

***Declaration***

| | |
|---|---|
| *I declare that the information provided on this departmental application form is correct and that I did not withhold any information that may have an influence on my acceptance into the programme.* | |
| *My official academic record (with evidence of ALL undergraduate psychology modules) is attached.* | |
| *Proof of the psychology curriculum of my institution (if not the University of the Free State) is attached.* | |
| *I have read and understood all the information regarding selection procedures provided in this application document.* | |
| *I agree to comply with the selection procedures stipulated in this application document and will abide by the decision of the Department of Psychology.* | |

**Verklaring**

| | |
|---|---|
| Ek verklaar dat die inligting wat ek op hierdie departementele aansoekvorm verskaf het, korrek is en dat ek geen inligting wat ’n invloed op my toelating tot die program kan hê, weerhou het nie. | |
| My amptelike akademiese rekord (met bewys van ALLE voorgraadse sielkundemodules) is aangeheg. | |
| Bewys van die sielkunde-kurrikulum van my instansie (indien nie die Universiteit van die Vrystaat nie), is aangeheg. | |
| Ek het al die inligting rakende die keuringsproses vervat in hierdie dokument gelees en verstaan. | |
| Ek stem in om my te hou by die keuringsprosedure soos in hierdie dokument bepaal is en ek sal my in die Departement Sielkunde se besluit berus. | |

________________________________

*SIGNATURE* / HANDTEKENING

__________________

*DATE* / DATUM